XB	SXB	DXB	Oor 2½ duim.
CB	SCB	DCB	Oor 2 duim tot 2½ duim.
LB	SLB	DLB	Oor 1½ duim tot 2 duim.
MB	SMB	DMB	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(3) *Klassifikasie en verpakking van drooggesoute velle.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.				Wollengte.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
HXB	SHXB	HXB–S	DHXB	Oor 2½ duim.
HCB	SHCB	HCB–S	DHCB	Oor 2 duim tot 2½ duim.
HLB	SHLB	HLB–S	DHLB	Oor 1½ duim tot 2 duim.
HMB	SHMB	HMB–S	DHMB	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(4) *Klassifikasie en verpakking van natgesoute velle.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.				Wollengte.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
WXB	SWXB	WXB–S	DWXB	Oor 2½ duim.
WCB	SWCB	WCB–S	DWCB	Oor 2 duim tot 2½ duim.
WLB	SWLB	WLB–S	DWLB	Oor 1½ duim tot 2 duim.
WMB	SWMB	WMB–S	DWMB	Oor 1 duim tot 1½ duim.

6. *Klassifikasie en verpakking van sekere grade en klasse merinovelle met 'n wollengte van oor* 1 (*een*) *duim met ooreenstemmende grade en klasse kruisrasvelle met 'n wollengte van oor* 1 (*een*) *duim.*

(1) Ondanks die bepalings van subregulasies (2), (3) en (4) van regulasie 4 en subregulasies (2), (3) en (4) van regulasie 5 mag merinovelle met 'n wolspintelling onder 60's en kruisrasvelle wat voldoen aan die vereistes vir 'n „ onbeskadigde vel " of „ sekondêre vel " soos in paragrawe (*a*) en (*b*) van subregulasie (1) van regulasie 4 en paragrawe (*a*) en (*b*) van subregulasie (1) van regulasie 5 gespesifiseer, gesorteer en saam verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.								
Droog. Graad.		Drooggesout. Graad.			Natgesout. Graad.			Wollengte.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „ Sekondêr ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „ Sekondêr ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
XX	SXX	HXX	SHXX	HXX–S	WXX	SWXX	WXX–S	Oor 2½ duim.
CX	SCX	HCX	SHCX	HCX–S	WCX	SWCX	WCX–S	Oor 2 duim tot 2½ duim.
LX	SLX	HLX	SHLX	HLX–S	WLX	SWLX	WLX–S	Oor 1½ duim tot 2 duim.
MX	SMX	HMX	SHMX	HMX–S	WMX	SWMX	WMX–S	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(2) Ondanks die bepalings van paragraaf (*c*) van subregulasie (2) van regulasie 4, paragraaf (*c*) van subregulasie (3) van regulasie 4, paragraaf (*c*) van subregulasie (4) van regulasie 4 en subregulasies (2), (3) en (4) van regulasie 5, mag merinovelle en kruisrasvelle wat as „ beskadigde velle " ingevolge die bepalings van paragraaf (*c*) van sub-regulasie (1) van regulasie 4 en paragraaf (*c*) van subregulasie (1) van regulasie 5 gegradeer word, gesorteer en saam verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.			Wollengte.
Droog.	Drooggesout.	Natgesout.	
Merk.	Merk.	Merk.	
DXZ	DHXZ	DWXZ	Oor 2½ duim.
DCZ	DHCZ	DWCZ	Oor 2 duim tot 2½ duim.
DLZ	DHLZ	DWLZ	Oor 1½ duim tot 2 duim.
DMZ	DHMZ	DWMZ	Oor 1 duim tot 1½ duim.

7. *Merino- en kruisrasvelle met 'n wollengte van* 1 (*een*) *duim en onder.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n spesiaal uitgesoekte, goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n ontwikkelde ramvel of 'n herbereide of ingekuipte vel, waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.

Die wol—

(i) moet van 'n goeie gehalte wees;
(ii) mag geen breekplekke toon of mag op geen ander wyse beskadig wees nie;
(iii) moet vry van olieverf- of teermerke wees;
(iv) mag nie besmeer wees nie;
(v) mag nie opvallende stof, klitsgras, steekgras, saad of ander vreemde of plantaardige stowwe hê nie;
(vi) moet dig oor die hele oppervlakte van die pelt uitgesonderd die pensgedeeltes wees; en
(vii) mag nie 'n buitensporige mate wolvet hê nie:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.

Die pelt waarvan vleis en vetkleefsels deeglik verwyder moet wees—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens ses vierkante voet groot wees;
(iii) mag effense plooie, slegs op die nek of boude hê;
(iv) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(v) moet vry wees van deursnye, byna-deursnye, sere, barste of ander defekte:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ sekondêre vel "—beteken 'n spesiaal uitgesoekte, goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n ontwikkelde ramvel of 'n vel wat herberei of ingekuip is, waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.

Die wol—

(i) moet van 'n redelike goeie gehalte wees;
(ii) mag geen breekplekke toon of op enige ander wyse beskadig wees nie;
(iii) moet vry van olieverf- of teermerke wees;
(iv) mag effens besmeer wees;
(v) mag 'n matige hoeveelheid stof, klitsgras, steekgras, saad of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat;
(vi) mag 'n effense wisseling in die algehele digtheid hê; en
(vii) mag nie 'n buitensporige mate wolvet hê nie:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.

Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels deeglik verwyder moet wees—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens vyf vierkante voet groot wees;
(iii) mag plooie, hoewel nie swaar nie, aan die nek of boude en effense plooie op die res van die pelt hê;
(iv) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(v) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ beskadigde vel " beteken 'n vel waarvan die wol of die pelt nie voldoen aan die vereistes vir 'n „ sekondêre vel " soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.									Wollengte.
Droog.			Drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
CT	SCT	DSX	HCT	SHCT	DHSX	WCT	SWCT	DWSX	Oor ½ duim tot 1 duim.
CP	SCP	DPX	HCP	SHCP	DHPX	WCP	SWCP	DWPX	½ duim en onder.

(3) Ondanks die bepalings van subregulasies (1) en (2) mag velle wat voldoen aan die vereistes gespesifiseer in paragraaf (*a*) hieronder, gesorteer en verpak word soos aangedui in paragraaf (*b*) hieronder:—

(*a*) *Gradering.*—'n Vel wat redelik goed afgeslag en redelik goed berei is en waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes voldoen, sal vir hierdie seleksie kwalifiseer:—

Wol.

Die wol—

(i) moet van 'n redelike goeie gehalte wees;
(ii) mag geen breekplekke toon of op enige ander wyse beskadig wees nie; en
(iii) mag 'n matige hoeveelheid stof, klitsgras, steekgras of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat.

Pelt.

Die pelt waarvan die vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder is—

(i) moet van 'n redelike goeie substansie en gehalte wees;
(ii) mag nie erg geplooi wees nie; en
(iii) mag drie klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of binne 1 (een) duim van die vier kaal flankgedeeltes of binne 4 (vier) duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie.

(*b*) *Klassifikasie en verpakking.*

Metode van bereiding.			Wollengte.
Droog.	Drooggesout.	Natgesout.	
Merk.	Merk.	Merk.	
SW	HSW	WSW	Oor ½ duim tot 1 duim.
P	HP	WP	½ duim en onder.
PP	HPP	WPP	Onder ¼ duim.

8. *Klassifikasie en verpakking van spesiaal uitgesoekte merino- en kruisrasvelle met 'n wollengte van oor ½ (half) duim tot 2 (twee) duim.*—Ondanks die bepalings van regulasies 4, 5 en 7 mag „ merino- " en „ kruisrasvelle " wat voldoen aan die vereistes gespesifiseer in paragrawe (*a*) en (*b*) van subregulasie (1) van regulasie 7 gesorteer en verpak word soos hieronder aangedui:—

Metode van bereiding.						Wollengte.
Droog.		Drooggesout.		Natgesout.		
Graad.		Graad.		Graad.		
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
CTL	SCTL	HCTL	SHCTL	WCTL	SWCTL	Oor 1½ duim tot 2 duim.
CTM	SCTM	HCTM	SHCTM	WCTM	SWCTM	Oor 1 duim tot 1½ duim.
CTS	SCTS	HCTS	SHCTS	WCTS	SWCTS	Oor ½ duim tot 1½ duim.

9. *Lamvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is twee grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.

Die wol—

(i) moet minstens van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) mag geen breekplekke toon of op enige ander wyse beskadig wees nie;
(iii) moet vry van olieverf- of teermerke wees;
(iv) mag nie besmeer wees nie; en
(v) mag 'n geringe hoeveelheid stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.

Die pelt waarvan die vleis- en vetkleefsels deegliks verwyder moet wees—

(i) moet minstens van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) mag nie erg geplooi wees nie; en
(iii) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of binne 1 (een) duim van die vier kaal flankgedeeltes of binne 2 (twee) duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ beskadigde vel "—wat beteken 'n vel met meer defekte as wat voorgeskryf is vir 'n „ onbeskadigde vel " soos in paragraaf (*a*) gespesifiseer.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder aangedui:—

Metode van bereiding.									Wollengte.
Droog.			Drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig " en „ beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig " en „ beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig " en „ beskadig ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
LL	DLL	LL-D	HLL	DHLL	HLL-D	WLL	DWLL	WLL-D	Oor 1½ duim
SL	DSL	SL-D	HSL	DHSL	HSL-D	WSL	DWSL	WSL-D	Oor ½ duim tot 1½ duim.
PL	DPL	PL-D	HPL	DHPL	HPL-D	WPL	DWPL	WPL-D	½ duim en onder.

(3) Ondanks die bepalings van sub-regulasies (1) en (2) moet velle kleiner as 2 vierkante voet afsonderlik gesorteer en verpak word onder die merk „ SLINKS ".

10. *Velstukke.*

(1) Velstukke van die tipe velle in regulasies 4, 5, 7 en 9 beskryf, t.w. „ merinovelle ", „ kruisrasvelle " en „ lamvelle " moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.		Wollengte.
Droog of drooggesout.	Natgesout.	
Merk.	Merk.	
PIECES –L	PIECES–WL	Oor 1½ duim.
PIECES–M	PIECES–WM	Oor 1 duim tot 1½ duim.
PIECES–S	PIECES–WS	Oor ½ duim tot 1 duim.
PIECES–P	PIECES–WP	½ duim en onder.

(2) Ondanks die bepalings van sub-regulasie (1) mag stukke afkomstig van die koppe van merino- en kruisrasskape gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.		Wollengte.
Droog of drooggesout.	Natgesout.	
Merk.	Merk.	
PIECES–LHP	PIECES–WLHP	Oor 1 duim.
PIECES–SHP	PIECES–WSHP	1 duim en onder.

11. *Growwewolvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.:—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n herbereide of ingekuipte vel, waarvan die wol- en haarbedekking en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol- en haarbedekking.

Die wol- en haarbedekking—

(i) moet van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) moet vry van olieverf- of teermerke wees; en
(iii) moet redelik vry van saad van die deurdringende tipe, stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe wees.

Pelt.

Die pelt waarvan vet- en vleiskleefsels deeglik verwyder moet wees—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet vry van plooie wees;
(iii) moet minstens vyf vierkante voet groot wees;
(iv) mag geen saad toon wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het nie;
(v) mag geen olieverf- of teermerke toon nie;
(vi) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(vii) moet vry van deursnye, byna-deursnye, sere, barste of ander defekte wees:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ sekondêre vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en redelik goed bereide vel waarvan die wol- en haarbedekking en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol- en haarbedekking.

Die wol- en haarbedekking—

(i) moet van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) moet vry van olieverf- of teermerke wees; en
(iii) mag nie 'n buitensporige hoeveelheid saad, stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat nie:

Met dien verstande dat saad in die pensgedeeltes nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.

Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder moet wees—

(i) moet minstens van 'n redelike goeie substansie en gehalte wees;

(ii) moet minstens drie vierkante voet groot wees;

(iii) mag geringe saad op die pensgedeeltes en baie geringe saad op die res van die vel toon wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het;

(iv) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en

(v) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvanghê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ beskadigde vel " wat beteken 'n vel waarvan die wol- en haarbedekking of pelt nie aan die vereistes vir 'n „ sekondêre vel " soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer, voldoen nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet in twee tipes gesorteer word, nl.:—

(*a*) „ wit growwewolvel " wat beteken 'n vel waarvan die wol- en haarbedekking geen gekleurde wolvesels of gekleurde haar bevat nie; en

(*b*) „ gekleurde growwewolvel " wat beteken 'n vel waarvan die wol- en haarbedekking gekleurde wolvesels of gekleurde haar bevat.

Die voornoemde tipes moet gesorteer en verpak word soos hieronder aangedui:—

WIT GROWWEWOL.

Metode van bereiding.						Wol- en haarlengte.
Droog of drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk. WLCW WSCW	Merk. SWLCW SWSCW	Merk. DWLCW DWSCW	Merk. WWLCW WWSCW	Merk. SWWLCW SWWSCW	Merk. DWWLCW DWWSCW	Oor 1 duim. 1 duim en onder.

GEKLEURDE GROWWEWOL.

Metode van bereiding.						Wol- en haarlengte.
Droog of droggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk. CLCW CSCW	Merk. SCLCW SCSCW	Merk. DCLCW DCSCW	Merk. WCLCW WCSCW	Merk. SWCLCW SWCSCW	Merk. DWCLCW DWCSCW	Oor 1 duim. 1 duim en onder.

12. *Klassifikasie en verpakking van „ merino "- en „ kruisrasvelle " met 'n wollengte van* 1 (*een*) *duim en onder saam met „ wit growwewolvelle " met 'n wol- en haarlengte van* 1 (*een*) *duim en onder.* Ondansk—die bepalings van regulasies 7 en 11 mag „ merino "-, „ kruisras "- en „ wit growwewolvelle " wat voldoen aan die graadvereisets gespesifiseer in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) van sub-regulasie (1) van regulasie 7 gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.						Wol- en wol-en-haarlengte.
Droog of drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk. CTWC	Merk. SCTWC	Merk. DCTWC	Merk. WCTWC	Merk. SWCTWC	Merk. DWCTWC	1 duim en onder.

13. *Karakoelvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.:—

(*a*) „ onbeskadigde vel ";

(*b*) „ sekondêre vel "; en

(*c*) „ beskadigde vel ";

soos in sub-regulasie (1) van regulasie 11 vir growwewolvelle omskryf is.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.						Wollengte.
Droog of drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk. LK SK	Merk. SLK SSK	Merk. DLK DSK	Merk. WLK WSK	Merk. SWLK SWSK	Merk. DWLK DWSK	Oor 1½ duim. 1½ duim en onder.

14. *Handskoenvelle en wollerige handskoenvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.:—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n ontwikkelde ramvel of 'n herbereide of ingekuipte vel, waarvan die haar- of wol- en haarbedekking asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Haar- of wol- en haarbedekking.

Die haar- of wol- en haarbedekking mag nie opvallende sade soos steekgras of kankerroos bevat wat skade aan die pelt kan veroorsaak nie.

Pelt.

Die pelt waarvan die vleis- en vetkleefsels deeglik verwyder moet wees—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;

(ii) moet minstens drie vierkante voet in die droë of drooggesoute toestand en drie-en-'n-half vierkante voet in die natgesoute toestand groot wees;

(iii) mag geen saad toon wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het nie;

(iv) mag geen olieverf- of teermerke toon nie;

(v) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en

(vi) moet vry van deursnye, byna-deursnye, sere, barste of ander defekte wees:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nek- of stertgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ sekondêre vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en redelik goed bereide vel waarvan die haar- of wol- en haarbedekking asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Haar- of wol- en haarbedekking.

Die haar- of wol- en haarbedekking mag nie opvallende saad soos steekgras of kankerroos bevat wat skade aan die pelt kan veroorsaak nie: Met dien verstande dat geringe saad van hierdie tipes in die pensgedeeltes toelaatbaar is.

Pelt.

Die pelt waarvan die vleis- en vet redelik goed verwyder moet wees—

(i) moet van redelike goeie substansie en gehalte wees;

(ii) moet minstens drie vierkante voet in die droë of drooggesoute toestand en drie-en-'n-half vierkante voet in die natgesoute toestand groot wees;

(iii) mag geen saad toon wat tot die nerf of tot in die pelt deurgebring het nie;

(iv) mag effense olieverf- of teermerke toon;

(v) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en

(vi) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nek- of stertgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ beskadigde vel " wat beteken 'n vel waarvan die haar- of wol- en haarbedekking of pelt nie voldoen aan die vereistes vir 'n „ sekondêre vel " soos gespesifiseer in paragraaf (*b*) nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*

(*a*) Velle wat aan die vereistes vir 'n „ onbeskadigde vel " of 'n „ sekondêre vel " voldoen soos in paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-regulasie (1) gespesifiseer moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

(i) Handskoenvelle:—

Metode van bereiding.					
Droog of drooggesout.			Natgesout.		
Graad.		Minimum grootte.	Graad.		Minimum grootte.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".		„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	
Merk. XGL LGL MGL SGL	Merk. SXGL SLGL SMGL SSGL	7 vierkante voet. 5½ vierkante voet. 4 vierkante voet. 3 vierkante voet.	Merk. WXGL WLGL WMGL WSGL	Merk. SWXGL SWLGL SWMGL SWSGL	8 vierkante voet. 6½ vierkante voet. 4½ vierkante voet. 3½ vierkante voet.

(ii) Wollerige handskoenvelle:—

Metode van bereiding.

Droog of drooggesout.			Natgesout.		
Graad.		Minimum grootte.	Graad.		Minimum grootte.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".		„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	
Merk.	Merk.		Merk.	Merk.	
XWG	SXWG	7 vierkante voet.	WXWG	SWXWG	8 vierkante voet.
LWG	SLWG	5½ vierkante voet.	WLWG	SWLWG	6½ vierkante voet.
MWG	SMWG	4 vierkante voet.	WMWG	SWMWG	4½ vierkante voet.
SWG	SSWG	3 vierkante voet.	WSWG	SWSWG	3½ vierkante voet.

(*b*) Velle wat as „ beskadigde velle " gegradeer is ingevolge die bepalings van paragraaf (*c*) van sub regulasie (1) moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

(i) *Handskoenvelle:—*

Bereidingsmetode.	*Merk.*
Droog of drooggesout	DGL
Natgesout	DWGL

(ii) *Wollerige handskoenvelle:—*

Bereidingsmetode.	*Merk.*
Droog of drooggesout	DWG
Natgesout	DWWG

BOKVELLE.

15. *Bokvel* (*uitgesonderd angorabokvel*).

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n ontwikkelde ramvel of 'n basterbokvel of 'n herbereide of ingekuipte vel of 'n vel wat in die drooggesoute toestand minder as 14 onse of minder as 10 onse in die droë toestand of minder as 1¼ lb. in die natgesoute toestand weeg, waarvan die haarbedekking asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Haarbedekking.

Die haarbedekking—

(i) mag nie opvallende saad soos steekgras of kankerroos bevat wat skade aan die pelt kan veroorsaak nie; en
(ii) mag nie buitensporig lank en dig oor die hele oppervlakte van die vel wees nie.

Pelt.

Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels behoorlik verwyder moet wees—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) mag geen olieverf- of teermerke of saad wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het, toon nie;
(iii) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(iv) moet vry wees van deursnye, byna-deursnye, sere, barste of ander defekte:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ sekondêre vel " beteken 'n goed afgeslagte en redelik goed bereide vel, uitgesonderd 'n vel wat minder as 14 onse in die drooggesoute toestand of 10 onse in die droë toestand of minder as 1¼ lb. in die natgesoute toestand weeg, waarvan die haarbedekking asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Haarbedekking.

Die haarbedekking mag slegs op die pensgedeeltes geringe saad soos steekgras of kankerroos bevat wat skade aan die pelt kan veroorsaak.

Pelt.

Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder moet wees—

(i) moet van redelike goeie substansie en gehalte wees;
(ii) mag geringe olieverf- of teermerke toon;
(iii) mag nie vetterig, verouderd of verkleur wees nie; en
(iv) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ beskadigde vel " beteken 'n vel waarvan die haarbedekking of pelt nie voldoen aan die vereistes vir 'n „ sekondêre vel " soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*

(*a*) Velle wat aan die vereistes vir 'n „ onbeskadigde vel " of 'n „ sekondêre vel " voldoen soos gespesifiseer in paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-regulasie (1) moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Drooggesout.			Droog.			Natgesout.		
Graad.		Gewig.	Graad.		Gewig.	Graad.		Gewig.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".		„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".		„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	
Merk.	Merk.		Merk.	Merk.		Merk.	Merk.	
HG	SHG	Oor 4½ lb.	—	—	—	WHG	SWHG	Oor 7 lb.
MG	SMG	3½ lb. tot 4½ lb.	MGSD	SMGSD	Oor 3¼ lb.	WMG	SWMG	5½ lb. tot 7 lb.
LG	SLG	2½ lb. tot 3½ lb.	LGSD	SLGSD	2¼ lb. tot 3¼ lb.	WLG	SWLG	3¾ lb. tot 5½ lb.
XLG	SXLG	1½ lb. tot 2½ lb.	XLGSD	SXLGSD	1¼ lb. tot 2¼ lb.	WXLG	SWXLG	2¼ lb. tot 3¾ lb.
KG	SKG	14 ons tot 1½ lb.	KGSD	SKGSD	10 onse tot 1¼ lb.	WKG	SWKG	1¼ lb. tot 2¼ lb.

(*b*) Velle wat as „ beskadigde velle " ingevolge die bepalings van paragraaf (*c*) van subregulasie (1) gegradeer is moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Bereidingsmetode.	*Merk.*
Drooggesout	DG
Droog	DGSD
Natgesout	WDG

(3) Ondanks die bepalings van paragraaf (*a*) van sub-regulasie (2) mag 'n behoorlik daartoe gemagtigde amptenaar van die Raad die gewigsgrensbeperkings ter syde stel.

16. *Angorabokvelle en basterangorabokvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n herbereide of ingekuipte vel, waarvan die angorabokhaar in die geval van 'n „ angorabokvel " en die angorabokhaar en bokhaar in die geval van 'n „ basterangorabokvel " asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Angorabokhaar of angorabokhaar-en-bokhaar.

Die angorabokhaar of angorabokhaar-en-bokhaar—

(i) moet minstens van 'n goeie gemiddelde gehalte wees;
(ii) mag nie opvallende stof, vuiligheid, saad of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat nie;
(iii) moet vry van olieverf- of teermerke wees; en
(iv) mag nie oormatig deur urine bevlek wees nie.

Pelt.

Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels deeglik verwyder moet wees—

(i) moet van 'n goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens drie vierkante voet groot wees;
(iii) mag geen olieverf- of teermerke toon nie;
(iv) mag nie vetterig, verouderd of verkleur wees nie; en
(v) moet vry van deursnye, byna-deursnye, sere, barste of ander defekte wees:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne vier duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ sekondêre vel " beteken 'n goed afgeslagte en redelik goed bereide vel waarvan angorabokhaar in die geval van 'n „ angorabokvel " en die angorabokhaar-en-bokhaar in die geval van 'n „ basterangorabokvel " asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Angorabokhaar of angorabokhaar-en-bokhaar.

Die angorabokhaar of angorabokha ir-en-bokhaar—

(i) mag 'n matige hoeveelheid stof, vuiligheid, saad of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat; en
(ii) mag geringe olieverf- of teermerke toon.

Pelt.

Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder moet wees—

(i) moet van 'n redelike goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens drie vierkante voet groot wees;
(iii) mag geringe olieverf- of teermerke toon;
(iv) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(v) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne vier duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ beskadigde vel " wat beteken 'n vel waarvan die angorabokhaar of angorabokhaar-en-bokhaar of pelt nie aan die vereistes vir 'n „ sekondêre vel " voldoen soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*

(*a*) Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

ANGORABOKVELLE.

Metode van bereiding.						Angorabokhaarlengte.
Droog en drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
LA	SLA	DLA	WLA	SWLA	DWLA	Oor 3 duim.
MA	SMA	DMA	WMA	SWMA	DWMA	Oor 1½ duim tot 3 duim.
SA	SSA	DSA	WSA	SWSA	DWSA	1½ duim en onder.

BASTERANGORABOKVELLE.

Metode van bereiding.						Angorabokhaar-en-bokhaarlengte.
Droog en drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
LWB	SLWB	DLWB	WLWB	SWLWB	DWLWB	Oor 3 duim.
MWB	SMWB	DMWB	WMWB	SWMWB	DWMWB	Oor 1½ duim tot 3 duim.
SWB	SSWB	DSWB	WSWB	SWSWB	DWSWB	1½ duim en onder.

(3) Ondanks die bepalings van subregulasie (2) mag basterangorabokvelle, ongeag die angorabokhaar-en-bokhaarlengte, gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.	Metode van bereiding.	
	Droog en drooggesout.	Natgesout.
	Merk.	Merk.
Onbeskadig	WBX	WWBX
Sekondêr	SWBX	SWWBX
Beskadig	DWBX	DWWBX

(4) Ondanks die bepalings van subregulasies (1) en (2) moet velle kleiner as drie vierkante voet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

ANGORABOKVELLE.

Metode van bereiding.		Angorabokhaarlengte.
Droog en drooggesout.	Natgesout.	
Merk.	Merk.	
LAK	WLAK	Oor 1½ duim.
SAK	WSAK	1½ duim en onder.

BASTERANGORABOKVELLE.

Metode van bereiding.		Angorabokhaar-en-bokhaarlengte.
Droog en drooggesout.	Natgesout.	
Merk.	Merk.	
LWBK	WLWBK	Oor 1½ duim.
SWBK	WSWBK	1½ duim en onder.

(5) Ondanks die bepalings van subregulasie (4) mag basterangorabokvelle, ongeag die angorabokhaar-en-bokhaarlengte, gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.	*Merk.*
Droog en drooggesout	WBK
Natgesout	WWBK

HUIDE.

17. ***Drooggesoute huide.***

(1) *Gradering.*—Daar is vyf grade, nl.—

(*a*) „ eerstegraadse huid " beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide huid, uitgesonderd 'n bulhuid of 'n herbereide of ingekuipte huid, van 'n goeie voorkoms, substansie en gehalte, en waarvan die vleis- en vetkleefsels deeglik verwyder is en wat nie meer sigbare defekte as die volgende mag hê nie:—

(i) 'n gelokaliseerde brandmerk(e) nie groter as vyf-en-twintig vierkante duim nie of 'n deur- of byna-deursny nie langer as drie duim in die kernstuk nie en een defek van 'n ander aard, uitgesonderd verrotting, van gelyke omvang buite die kernstuk; of

(ii) 'n gelokaliseerde brandmerk(e) nie groter as vyf-en-twintig vierkante duim nie buite die kernstuk en een defek van 'n ander aard, uitgesonderd verrotting, van gelyke omvang of 'n deur- of byna-deursny nie langer as drie duim nie in die kernstuk; of

(iii) 'n gelokaliseerde brandmerk(e) nie groter as vyf-en-twintig vierkante duim nie of een defek van 'n ander aard, uitgesonderd verrotting of 'n deur- of byna-deursny van gelyke omvang binne die kernstuk en 'n deur- of byna-deursny nie langer as drie duim nie buite die kernstuk; of

(iv) 'n gelokaliseerde brandmerk(e) nie groter as vyf-en-twintig vierkante duim en twee ander defekte van 'n ander aard, uitgesonderd verrotting, elk van gelyke omvang, die een waarvan 'n deur- of byna-deursny nie langer as drie duim nie, buite die kernstuk mag wees; of

(v) drie defekte, uitgesonderd brandmerke of verrotting, buite die kernstuk maar waarvan een 'n deur- of byna-deursny nie langer as drie duim nie, mag wees: Met dien verstande dat defekte soos sweepmerke, skrape of horingmerke, wat werklike skade aan die nerf veroorsaak het, nie langer as agt duim elk moet wees nie: Met dien verstande verder dat brandmerke of ander defekte wat een deur- of byna-deursny nie langer as drie duim nie mag insluit, uitgesonderd verrotting, ongeag die getal maar wat buite die kernstuk gelokaliseer is in 'n gedeelte nie groter as eenhonderd vierkante duim nie maar met geen ander sigbare defekte op die res van die huid, nie as 'n diskwalifikasie vir hierdie graad beskou word nie: Met dien verstande verder dat brandmerke, snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die vier korthaarbedekte flankgedeeltes of binne ses duim van die kant van die huid, met uitsondering van die kernstuk, nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie: Met dien verstande verder dat klein deur- of byna-deursnye binne 'n radius van drie duim van die middelpunt van die wortel van die stert nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ tweedegraadse huid " beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide huid, uitgesonderd 'n bulhuid, van 'n redelike goeie voorkoms, substansie en gehalte, waarvan die vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder is en wat nie meer as die volgende sigbare defekte mag hê nie:—

(i) Twee brandmerke in die kernstuk en een brandmerk en twee defekte van 'n ander aard, uitgesonderd verrotting, buite die kernstuk; of

(ii) een brandmerk in die kernstuk en twee brandmerke en twee defekte van 'n ander aard, uitgesonderd verrotting, buite die kernstuk; of

(iii) drie brandmerke en drie defekte van 'n ander aard, uitgesonderd verrotting, buite die kernstuk:

Met dien verstande dat elke brandmerk gelokaliseer en nie groter as vyf-en-twinting vierkante duim mag wees nie: Met dien verstande verder dat brandmerke, waar toelaatbaar, vervang mag word deur dieselfde aantal defekte van 'n ander aard van gelyke omvang: Met dien verstande verder dat twee van die toelaatbare defekte deur- of byna-deursnye nie langer as drie duim elk nie, mag wees en waarvan nie meer as een in die kernstuk mag wees nie: Met dien verstande verder dat defekte soos skrape, sweep- of horingmerke, as gevolg waarvan die nerf werklik beskadig is, nie langer as tien duim elk mag wees nie: Met dien verstande verder dat brandmerke of ander defekte, uitgesonderd verrotting of meer as twee deur- of byna-deursnye, ongeag die getal maar wat buite die kernstuk gelokaliseer is in 'n gedeelte nie groter as een honderd-en-dertig vierkante duim nie maar met geen ander sigbare

defekte op die res van die huid, nie 'n diskwalifikasie vir hierdie graad is nie: Met dien verstande verder dat brandmerke, snyplekke of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die vier korthaarbedekte flankgedeeltes of binne ses duim van die kant van die huid, met uitsondering van die kernstuk, nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie: Met dien verstande verder dat klein deur- of byna-deursnye binne 'n radius van drie duim van die middelpunt van die wortel van die stert nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ derdegraadse huid " beteken 'n redelik goed afgeslagte en redelik goed bereide huid van 'n redelike gemiddelde gehalte sonder enige teken van verrotting, behalwe aan die uiterste kante, met meer defekte as wat vir 'n „ tweedegraadse huid " toelaatbaar is soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer: Met dien verstande dat minstens die helfte van die huid se oppervlakte in een deurlopende gedeelte onbeskadig is aan sowel die nerf- as vleiskant van sodanige gedeelte;

(*d*) „ vierdegraadse huid " beteken 'n huid met meer defekte as wat toelaatbaar is vir 'n „ derdegraadse huid " soos in paragraaf (*c*) gespesifiseer: Met dien verstande dat minstens 'n kwart van die huid se oppervlakte in een deurlopende gedeelte onbeskadig is aan sowel die nerf- as vleiskant van sodanige gedeelte;

(*e*) „ vyfdegraadse huid " beteken 'n huid met meer defekte as wat toelaatbaar is vir 'n „ vierdegraadse huid " soos in paragraaf (*d*) gespesifiseer.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Huide moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.					Gewig.
„ Eerstegraad ".	„ Tweedegraad ".	„ Derdegraad ".	„ Vierdegraad ".	„ Vyfdegraad ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
BDSK	SDSK	TDSK	4DSK	RDSK	6 lb. tot 10 lb.
BDSL	SDSL	TDSL	4DSL	RDSL	Oor 10 lb. tot 20 lb.
BDSH	SDSH	TDSH	4DSH	RDSH	Oor 20 lb. tot 30 lb.
BDSXH	SDSXH	TDSXH	4DSXH	RDSXH	Oor 30 lb.

(3) Ondanks die bepalings van subregulasie (2) mag 'n behoorlik daartoe gemagtigde amptenaar van die Raad gewigsgrensbeperkings ter syde stel.

18. *Droë huide.*

(1) Ondanks die omskrywing van 'n „ songedroogde huid " soos in regulasie 1 gespesifiseer, mag 'n huid wat gedroog is nadat dit behandel is met 'n onvoldoende hoeveelheid sout of soutoplossing en met of sonder 'n ander goedgekeurde preserveermiddel maar wat soutkolle aan die vleiskant toon en sodanige soutkolle nie meer as vyftien persent van die oppervlakte van die huid behels nie, met droë huide gesorteer en verpak word.

(2) *Gradering.*—Daar is vyf grade, nl.—

(*a*) „ eerstegraadse huid ";
(*b*) „ tweedegraadse huid ";
(*c*) „ derdegraadse huid ";
(*d*) „ vierdegraadse huid "; en
(*e*) „ vyfdegraadse huid ";

soos vir drooggesoute huide in subregulasie (1) van regulasie 17 gespesifiseer.

(3) *Klassifikasie en verpakking.*—Huide moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.					Gewig.
„ Eerstegraad ".	„ Tweedegraad ".	„ Derdegraad ".	„ Vierdegraad ".	„ Vyfdegraad ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
BSDK	SSDK	TSDK	4SDK	RSDK	5 lb. tot 9 lb.
BSDL	SSDL	TSDL	4SDL	RSDL	Oor 9 lb. tot 14 lb.
BSDH	SSDH	TSDH	4SDH	RSDH	Oor 14 lb.

(4) Ondanks die bepalings van sub-regulasie (3) mag 'n behoorlik daartoe gemagtigde amptenaar van die Raad gewigsgrensbeperkings ter syde stel.

19. *Natgesoute huide.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ eerstegraadse huid " wat beteken 'n huid wat voldoen aan die graadvereistes soos in paragraaf (*a*) van subregulasie (1) van regulasie 17 gespesifiseer;

(*b*) „ tweedegraadse huid " wat beteken 'n huid wat voldoen aan die graadvereistes soos in paragraaf (*b*) van subregulasie (1) van regulasie 17 gespesifiseer;

(*c*) „ derdegraadse huid " wat beteken 'n huid met meer defekte as wat toelaatbaar is vir 'n „ tweedegraadse huid " soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Huide moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.			Gewig.
„ Eerstegraad ".	„ Tweedegraad ".	„ Derdegraad ".	
Merk.	Merk.	Merk.	
WLH	SWLH	TWLH	10 lb. tot 30 lb.
WLMH	SWLMH	TWLMH	Oor 30 lb. tot 40 lb.
WMH	SWMH	TWMH	Oor 40 lb. tot 50 lb.
WHH	SWHH	TWHH	Oor 50 lb. tot 60 lb.
WXHH	SWXHH	TWXHH	Oor 60 lb.

(3) Ondanks die bepalings van subregulasie (2) mag 'n behoorlik daartoe gemagtigde amptenaar van die Raad gewigsgrensbeperkings ter syde stel.

KALFVELLE.

20. *Drooggesoute, droë en natgesoute kalfvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ eerstegraadse kalfvel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n herbereide of ingekuipte vel, van 'n goeie voorkoms, substansie en gehalte, met vleis- en vetkleefsels deeglik verwyder, sonder sigbare olieverf- of teermerke of saad wat werklik in die pelt ingedring het en moet vry van brandmerke, deur- of byna-deursnye, sere, barste of ander defekte wees: Met dien verstande dat snyplekke of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier korthaarflankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel met uitsondering van die kernstuk nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie: Met dien verstande verder dat klein deur- of byna-deursnye binne 'n radius van twee duim vanaf die middelpunt van die wortel van die stert nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ tweedegraadse kalfvel " beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel van redelike goeie substansie en gehalte met vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder en wat nie meer as die volgende sigbare defekte mag hê nie:—

(i) Effense olieverf- of teermerke;

(ii) geringe saad, wat werklik in die pelt ingedring het, alleenlik op die pensgedeeltes; en

(iii) twee deur- of byna deur-snye, elk nie langer as 'n anderhalf-duim nie, of ander defekte van dieselfde omvang:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier korthaarbedekte flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie: Met dien verstande verder dat klein deur- of byna-deursnye binne 'n radius van twee duim van die middelpunt van die wortel van die stert nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ derdegraadse kalfvel " wat beteken 'n vel met meer defekte as daardie wat toelaatbaar is vir 'n „ tweedegraadse kalfvel " soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hierdonder gespesifiseer:—

Graad.	Bereidingsmetode.		
	Drooggesout.	Droog.	Natgesout.
„ Eerstegraad ".....	Merk.	Merk.	Merk.
„ Tweedegraad ".....	BDSC	BSDC	WC
„ Derdegraad ".....	SDSC	SSDC	SWC
	TDSC	TSDC	TWC

PASAFGESLAGTE HUIDE EN VELLE.

SKAAPVELLE.

21. *Merinovelle met 'n wollengte van oor* 1 (*een*) *duim.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ graad 1 vel " wat beteken 'n goed afgeslagte vel waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.

Die wol—

(i) moet duidelike kenmerkende merino-eienskappe toon;

(ii) moet minstens van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;

(iii) mag geen breekplekke toon of mag op geen ander wyse beskadig wees nie;

(iv) moet vry van olieverf- of teermerke wees;

(v) mag nie besmeer wees nie;

(vi) moet redelik vry van stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe wees; en

(vii) mag nie 'n buitensporige mate van wolvet hê nie:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.

Die pelt moet—

(i) minstens van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;

(ii) nie meer as twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê nie:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of binne 1 (een) duim van die vier kaal flankgedeeltes of binne 4 (vier) duim van die kant van die res van die vel nie beskou word as diskwalifiserende defekte nie;

(*b*) „ graad 2 vel " wat beteken 'n vel waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.

Die wol—

(i) moet duidelike kenmerkende merino-eienskappe toon;

(ii) moet minstens van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;

(iii) mag geen breekplekke toon of mag op geen ander wyse beskadig wees nie;

(iv) moet vry van olieverf- of teermerke wees;

(v) mag effens besmeer wees;

(vi) mag matig met stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe belaai wees; en

(vii) mag nie 'n buitensporige mate van wolvet hê nie:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.

Die pelt mag snye, skeure of ander defekte hê: Met dien verstande dat die normale patroon van die pelt behou is;

(*c*) „ graad 3 vel " wat beteken 'n vel waarvan die wol of pelt nie aan die vereistes vir 'n „ graad 2 vel " voldoen soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*

(*a*) Velle wat aan die vereistes vir 'n „ graad 1 vel " of 'n „ graad 2 vel " soos gespesifiseer in paragrawe (*a*) en (*b*) van subregulasie (1) voldoen moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Wolspintelling 64's en oor.		Wolspintelling onder 64's.		Wollengte.
Graad.		Graad.		
Graad 1.	Graad 2.	Graad 1.	Graad 2.	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
G-XQ	G-SXQ	G-XS	G-SXS	Oor 2½ duim.
G-CQ	G-SCQ	G-CS	G-SCS	Oor 2 duim tot 2½ duim.
G-LQ	G-SLQ	G-LS	G-SLS	Oor 1½ duim tot 2 duim.
G-MQ	G-SMQ	G-MS	G-SMS	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(*b*) Velle wat as „ graad 3 velle " gegradeer word ingevolge die bepalings van paragraaf (*c*) van subregulasie (1) moet, ongeag die wolspintelling, gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Merk.	*Wollengte.*
G-DXQS	Oor 2½ duim.
G-DCQS	Oor 2 duim tot 2½ duim.
G-DLQS	Oor 1½ duim tot 2 duim.
G-DMQS	Oor 1 duim tot 1½ duim.

22. *Kruisrasvelle met 'n wollengte van oor* 1 *(een) duim.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ graad 1 vel ";
(*b*) „ graad 2 vel "; en
(*c*) „ graad 3 vel ";

soos vir merinovelle in regulasie 21 (1) omskryf.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.			Wollengte.
Graad 1.	Graad 2.	Graad 3.	
Merk.	Merk.	Merk.	
G-XB	G-SXB	G-DXB	Oor 2½ duim.
G-CB	G-SCB	G-DCB	Oor 2 duim tot 2½ duim.
G-LB	G-SLB	G-DLB	Oor 1½ duim tot 2 duim.
G-MB	G-SMB	G-DMB	Oor 1 duim tot 1½ duim.

23. *Merino- en kruisrasvelle met 'n wollengte van* 1 *(een) duim en onder.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ graad 1 vel " wat beteken 'n spesiaal uitgesoekte, goed afgeslagte vel, uitgesonderd 'n ontwikkelde ramvel, waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.

Die wol—

(i) moet van 'n goeie gehalte wees;
(ii) mag geen breekplekke toon of mag op geen ander wyse beskadig wees nie;
(iii) moet vry van olieverf- of teermerke wees;
(iv) mag nie besmeer wees nie;
(v) mag nie opvallende stof, klitsgras, steekgras, saad of ander vreemde of plantaardige stowwe hê nie;
(vi) moet dig oor die hele oppervlakte van die pelt uitgesonderd die pensgedeeltes wees; en
(vii) mag nie 'n buitensporige mate van wolvet hê nie:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.

Die pelt—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens ses-en-'n-half vierkante voet groot wees;
(iii) mag effense plooie, slegs op die nek of boude hê;
(iv) moet vry wees van deursnye, byna-deursnye, sere of ander defekte:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ graad 2 vel " beteken 'n spesiaal uitgesoekte en goed afgeslagte vel, uitgesonderd 'n ontwikkelde ramvel, waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.

Die wol—

(i) moet van 'n redelike goeie gehalte wees;
(ii) mag geen breekplekke toon of op enige ander wyse beskadig wees nie;
(iii) moet vry van olieverf of teermerke wees;
(iv) mag effens besmeer wees;
(v) mag 'n matige hoeveelheid stof, klitsgras, steekgras, saad of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat;
(vi) mag 'n effense wisseling in die algehele digtheid hê; en
(vii) mag nie 'n buitensporige mate van wolvet hê nie:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.

Die pelt—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens vyf-en-'n-half vierkante voet groot wees;
(iii) mag plooie, hoewel nie swaar nie, aan die nek of boude en effense plooie op die res van die pelt hê;

(iv) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ graad 3 vel " beteken 'n vel waarvan die wol of die pelt nie voldoen aan die vereistes vir 'n „ graad 2 vel " soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.			Wollengte.
Graad 1.	Graad 2.	Graad 3.	
Merk. G–CT G–CP	Merk. G–SCT G–SCP	Merk. G–DSX G–DPX	Oor ½ duim tot 1 duim. ½ duim en onder.

24. *Lamvelle.*

Klassifikasie.—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder aangedui:—

Merk.	*Wollengte.*
G–LL	Oor 1½ duim.
G–SL	Oor ½ duim tot 1½ duim.
G–PL	½ duim en onder.

25. *Growwewolvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ graad 1 vel " wat beteken 'n goed afgeslagte vel waarvan die wol- en haarbedekking en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol-en-haarbedekking.

Die wol-en-haarbedekking—

(i) moet van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) moet vry van olieverf- of teermerke wees; en
(iii) moet redelik vry van saad van die deurdringende tipe, stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe wees.

Pelt.

Die pelt—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet vry van plooie wees;
(iii) moet minstens vyf-en-'n-half vierkante voet groot wees;
(iv) mag geen saad toon wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het nie;
(v) mag geen olieverf- of teermerke toon nie; en
(vi) moet vry van deursnye, byna-deursnye, sere of ander defekte wees:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ graad 2 vel " wat beteken 'n goed afgeslagte vel waarvan die wol-en-haarbedekking en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol-en-haarbedekking.

Die wol-en-haarbedekking—

(i) moet van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) moet vry van olieverf- of teermerke wees; en
(iii) mag nie 'n buitensporige hoeveelheid saad, stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat nie:

Met dien verstande dat saad in die pensgedeeltes nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.

Die pelt—

(i) moet minstens van 'n redelike goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens drie-en-'n-half vierkante voet groot wees;
(iii) mag geringe saad op die pensgedeeltes en baie geringe saad op die res van die vel toon wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het; en
(iv) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ graad 3 vel " wat beteken 'n vel waarvan die wol-en-haarbedekking of pelt nie aan die vereistes vir 'n „ graad 2 vel " soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer voldoen nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet in twee tipes gesorteer word, nl.—

(*a*) „ wit growwewolvel " wat beteken 'n vel waarvan die wol-en-haarbedekking geen gekleurde wolvesels of gekleurde haar bevat nie; en

(*b*) „ gekleurde growwewolvel " wat beteken 'n vel waarvan die wol-en-haarbedekking gekleurde wolvesels of gekleurde haar bevat.

Die voornoemde tipes moet gesorteer en verpak word soos hieronder aangedui:—

Wit growwewol.			Gekleurde growwewol.			Wol-en-haarlengte.
Graad.			Graad.			
Graad 1.	Graad 2.	Graad 3.	Graad 1.	Graad 2.	Graad 3.	
Merk. G–WLCW G–WSCW	Merk. G–SWLCW G–SWSCW	Merk. G–DWLCW G–DWSCW	Merk. G–CLCW G–CSCW	Merk. G–SCLCW G–SCSCW	Merk. G–DCLCW G–DCSCW	Oor 1 duim. 1 duim en onder.

26. *Karakoelvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ graad 1 vel ";
(*b*) „ graad 2 vel "; en
(xxviii) „ spintelling ", die fynheid of veseldikte van wol volgens nommer aangedui; (xxix)

(xxix) „ steekhaar ", 'n dik, growwe, bros en nie-elastiese vesel met luginsluitsels tussen die medullaselle. Die voorkoms daarvan is ondeursigtig en kalkagtig wit in teenstelling met die deurskynende witheid van ander wolvesels en vertoon normaalweg 'n spits punt; (xx)

(xxx) „ vag ", die wolbedekking of die wol-en-haarbedekking van 'n vel behalwe die bedekking op die pens- en pootgedeeltes; (xii)

(xxxi) „ vel ", 'n vel of enige gedeelte daarvan, bestaande uit die pelt en natuurlike wol- of haarbedekking, afkomstig van beeste, skape of bokke van enige ouderdom wat geslag is of gevrek het en sluit in 'n vel verkry van ongebore beeste, skape of bokke; (xxviii)

(xxxii) „ wollerige handskoenvel ", 'n vel waarvan die bedekking op die pensgedeeltes uit haar of steekhaar of syagtige blinkhaar bestaan terwyl die orige gedeelte van die vel met 'n mengsel van wol en haar bedek is: Met dien verstande dat die pelt die eienskappe van dié van 'n handskoenvel toon. (xxxii).

BEHANDELING, SORTERING, VERPAKKING EN MERK.

3. (1) Huide of velle mag nie gempregneer word met enige vreemde stowwe nie, uitgesonderd goedgekeurde stowwe wat vir preservering of bereiding gebruik word.

(2) Huide of velle mag nie herberei of ingekuip word nie.

(3) Huide of velle mag op geen stadium gedurende 'n drogingsproses plat op die grond of op dakke in die opelug neergelê of op so 'n wyse geplaas word dat behoorlike lugsirkulasie ontwrig word nie.

(4) Alle huide of velle moet sorgvuldig teen beskadiging deur insekte beskerm word en alleen goedgekeurde insekdodende middels mag gebruik word.

(5) Wanneer insekdodende middels binne agt-en-veertig uur vóór baling vir uitvoerdoeleindes toegedien word, moet dit in die vorm van poeier of vlokkies wees.

(6) Skaapvelle met 'n wolbedekking of angorabokvelle mag nie met naftalien of silikofluoried behandel word nie.

(7) Huide of velle mag nie met silikofluoried behandel word nie.

(8) Alle songedroogde, skadugedroogde of drooggesoute huide of velle moet in 'n absoluut droë toestand verskeep word.
(9) Alle drooggesoute huide moet vóór verpakking vir uitvoer goed geskud word en die haarkant moet geborsel word om los sout te verwyder.
(10) Alle drooggesoute velle moet vóór verpakking vir uitvoer goed geskud word om los sout te verwyder.
(11) Alle huide moet deur die knieë (karpale gewrig) en die laer dele van die hakgewrigte (tarsale gewrig) heen reggesny word, bene moet van die sterte verwyder word en wange moet deur die oë heen reggesny word en die huide moet so vierkantig as moontlik gelaat word sonder gesigte, neuse, kopstukke, horings of onaantreklike los repe: Met dien verstande dat die wanggedeeltes aan huide afkomstig van diere wat volgens die keelsnymetode geslag is, verwyder moet word.
(12) Alle velle moet deur die knieë (karpale gewrig), die laer dele van die hakgewrigte (tarsale gewrig) en die boonste deel van die nek onmiddellik agter die kroon van die kop heen reggesny word en moet so vierkantig as moontlik gelaat word sonder wanggedeeltes, gesigte, ore, neuse, kopstukke, horings of onaantreklike los repe en bene moet van die sterte verwyder word.
(13) Velle moet vry van klosse wees.
(14) Daar mag geen vuiligheid aan huide gekoek wees nie.
(15) Alle natgesoute huide of velle moet in 'n goed gedreineerde toestand verskeep word.
(16) Alle huide en velle moet gesorteer en verpak word volgens soort, tipe, klas en graad en elke baal, bondel of houer moet dienooreenkomstig duidelik leesbaar gemerk word, soos gespesifiseer in regulasies 13 tot 29 en regulasie 31: Met dien verstande dat slegs een graad- of klasmerk toelaatbaar is.
(17) Elke baal, bondel en houer van huide en velle moet gemerk wees met 'n onderskeidingsmerk van die betrokke uitvoerder, watter merk minstens vier duim hoog moet wees, behalwe in die geval van natgesoute huide en natgesoute velle waar die merk op 'n roesvrye etiket soos in subregulasie (21) voorgeskryf, aangebring moet word.
(18) Geen merk in subregulasie (17) bedoel, mag aldus aangebring word nie voordat die betrokke uitvoerder van die Hoof, Afdeling Kommoditeitsdienste van die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Koedoegebou (Privaatsak 258), Pretoria, bevestiging verkry het dat hy daarvan oortuig is dat sodanige merk nie met enige ander merke wat ingevolge hierdie regulasies op huide en velle aangebring moet word, of met enige sodanige onderskeidingsmerk, wat deur 'n ander uitvoerder van huide en velle gebruik word, verwar kan word nie: Met dien verstande dat 'n uitvoerder van huide en velle meer as een sodanige onderskeidingsmerk mag gebruik.
(19) Die gewig van huide of velle in elke baal, bondel of houer moet duidelik daarop aangedui word, benewens die ander voorgeskrewe merke.
(20) Alle bale, bondels of houers in elke besending wat droë huide of velle bevat en houers bevattende natgesoute huide of velle moet onderskeidend genommer word.
(21) Alle bale of bondels natgesoute huide of velle moet met roesvrye etikette gemerk word met alle voorgeskrewe merke duidelik daarop aangebring.
(22) 'n Analienkleurstof moet vir alle merke op bale droë en drooggesoute huide of velle gebruik word.
(23) Elke merk wat ingevolge hierdie regulasies aangebring word op enige baal of houer van huide of velle, uitgesonderd bondels natgesoute huide of natgesoute velle, moet—

(*a*) in die geval van uitvoer per skip uit die Republiek, van die onderskeidende kleur vir die uitvoerhawe vanwaar daardie huide of velle uitgevoer word, wees, dit wil sê swart in die geval van Kaapstad, rooi in die geval van Port Elizabeth, ligblou in die geval van Oos-Londen, liggroen in die geval van Durban, pers in die geval van Mosselbaai en bruin in die geval van Walvisbaai;
(*b*) in die geval van uitvoer per spoor uit die Republiek, van 'n onderskeidende geel kleur wees.

(24) Elke baal of bondel huide moet met tou vasgebind word.
(25) Velle moet in netjiese bale verpak word.
(26) Elke baal droë velle moet met tou of hoepels vasgebind en aan weerskante van die baal met skoon goiingsak bedek wees: Met dien verstande dat hoepels in die geval van velle wat met sout behandel is nie gebruik mag word nie. Die volledige merke soos in hierdie regulasies bepaal mag alleen op hierdie goiingsakbedekkings verskyn.

KENNISGEWING VAN VOORNEME OM UIT TE VOER.

4. (1) Enige persoon wat voornemens is om huide of velle uit te voer, moet minstens vier dae voordat hy sodanige huide of velle vir uitvoer wil laat inspekteer, van sy voorneme om uit te voer kennis gee aan die verantwoordelike Inspekteur by die sentrum waar die bale huide of velle wat vir uitvoer bestem is, gegradeer, gesorteer en vir uitvoer verpak sal word.
(2) In elke kennisgewing van voorneme om uit te voer soos vermeld in sub-regulasie (1), moet onderstaande uiteengesit word—

(*a*) die naam en volledige adres van die persoon wat voornemens is om uit te voer;
(*b*) die adres van die pakhuis waar die huide of velle gegradeer, gesorteer en vir uitvoer verpak sal word;
(*c*) die naam van die land waarheen die huide of velle uitgevoer sal word;
(*d*) die aantal huide of velle wat uitgevoer sal word;
(*e*) die tipes, klasse en grade huide of velle wat uitgevoer sal word.

DIE NEEM EN ONDERSOEK VAN MONSTERS.

5. (1) Die Inspekteur kan te eniger tyd sodanige monsters as wat vir die doel van verdere ondersoek nodig mag wees, verwyder uit bale wat in 'n perseel waarin huide en velle wat vir uitvoer bestem is, opgeberg word.
(2) Die uitvoerder moet seker maak dat alle bale of bondels of houers van huide of velle waarna in paragrawe (*d*) en (*e*) van subregulasie (2) van regulasie 4 verwys word op so 'n wyse vir inspeksie aangebied word dat die Inspekteur toegang sal hê tot enige baal, bondel of houer en in staat sal wees om alle voorgeskrewe merke te identifiseer.
(3) Ten minste 5 (vyf) persent van die getal bale, bondels of houers huide of velle in iedere besending moet deur die Inspekteur ondersoek word en indien die besending vir uitvoer goedgekeur word, moet elke baal, bondel of houer wat ondersoek is, deur die Inspekteur verseël word.

UITREIKING, OORDRAG EN INTREKKING VAN UITVOERSERTIFIKATE.

6. (1) Indien die huide of velle vermeld in regulasie 4, vir uitvoer goedgekeur word, moet die Inspekteur aan die persoon wat voornemens is om sodanige huide of velle uit te voer, 'n uitvoersertifikaat ten opsigte van sodanige huide of velle uitreik in die vorm voorgeskryf in die aanhangsel hiervan.
(2) 'n Uitvoersertifikaat ingevolge sub-regulasie (1) uitgereik, is, tensy dit kragtens sub-regulasie (3) ingetrek word, geldig vir 'n tydperk van hoogstens *negentig dae* met ingang van die uitreikingsdatum.
(3) 'n Uitvoersertifikaat ingevolge sub-regulasie (1) uitgereik, kan op enige tyd voor die uitvoer van die huide of velle ingetrek word indien by herondersoek enige baal gevind word—

(*a*) by die pakhuis van die uitvoerder; of
(*b*) in die geval van uitvoer per skip uit die Republiek, by die dokke; of
(*c*) in die geval van uitvoer per spoor uit die Republiek, by die Spoorwegstasie vanwaar die huide of velle versend word; of
(*d*) in die geval van uitvoer per pad uit die Republiek, by die plek van uitvoer aan die grens van die Republiek;

huide of velle te bevat wat nie aan die beskrywing van die huide of velle verstrek op die baal of in die uitvoersertifikaat of aan enige regulasie voldoen nie of indien gevind word dat daar met die seëls deur die Inspekteur aangeheg of met die bale gepeuter is.
(4) Geen persoon aan wie 'n uitvoersertifikaat ingevolge sub-regulasie (1) uitgereik is, mag sodanige sertifikaat aan enige ander persoon oordra sonder die magtiging van die verantwoordelike Inspekteur by die sentrum waar die betrokke huide of velle vir uitvoer gegradeer, gesorteer en verpak is deur die persoon aan wie die sertifikaat uitgereik is nie, en elke sertifikaat wat ingevolge hierdie sub-regulasie oorgedra word, moet te dien effekte deur gemelde amptenaar geëndosseer word in die ruimte wat vir daardie doel in die sertifikaat gelaat is.

APPÈL.

7. (1) Indien die uitvoerder of sy agent hom veronreg ag deur 'n beslissing van of stappe geneem deur 'n inspekteur, kan hy by die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking appèl aanteken teen sodanige beslissing of stappe, deur op die dag van inspeksie 'n 'n kennisgewing van appèl by die betrokke inspekteur, en terwyl die inspekteur in die pakhuis is, in te handig en die deposito soos voorgeskryf in sub-regulasie (2) te stort: Met dien verstande dat afsonderlike appèlle aangeteken word ten opsigte van verskillende besendings en dat 'n afsonderlike deposito ten opsigte van elke sodanige appèl gestort moet word.
(2) Die deposito in sub-regulasie (1) genoem moet die bedrag van R40.00 bedra.
(3) Die inspekteur mag op 'n baal of bale ten opsigte waarvan 'n appèl ingevolge sub-regulasie (1) aangeteken is, 'n merk aanbring of sodanige ander voorsorgmaatreëls tref as wat hy vir identifikasiedoeleindes mag nodig ag.
(4) Die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking of 'n beampte van sy Departement deur hom benoem wys 'n persoon of persone aan deur wie so 'n appèl beslis moet word en sodanige persoon of persone moet daaroor beslis binne tien dae na die datum waarop appèl by die inspekteur ingedien is, en die beslissing van die aldus aangewese persoon of persone is afdoende.

(5) (*a*) Indien 'n appèl in sy geheel gehandhaaf word, word die bedrag wat ten opsigte daarvan gedeponeer is, aan die appellant terugbetaal;

(*b*) indien 'n appèl afgewys word, of as die huide of velle waarop dit betrekking het nie op die dag en tyd en plek bepaal deur die persoon of persone wat aangewys is om oor die appèl te beslis, beskikbaar is nie word die bedrag wat ten opsigte daarvan gedeponeer is, verbeur: Met dien verstande dat indien die appèl aangeteken is ten opsigte van een of meer bale huide of velle, en die appèl nie in die geheel gehandhaaf word nie, die appellant 'n gedeelte van die deposito, gestort ten opsigte van daardie appèl, verbeur wat in dieselfde verhouding staan tot die bedrag gedeponeer, as wat die getal bale ten opsigte waarvan die appèl afgewys is, staan tot die totale getal bale ten opsigte waarvan die appèl aangeteken is.

(6) Die persoon of persone wat deur die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking aangewys is om oor 'n appèl te beslis kan self hul prosedure van ondersoek bepaal: Met dien verstande dat indien daar meer as een baal huide of velle is ten opsigte waarvan appèl aangeteken is, 'n genoegsame en redelike aantal bale deur die appèlbeampte(s) ondersoek sal word ten einde hom in staat te stel om 'n behoorlike beslissing te kan maak.

(7) Die uitvoerder van huide of velle, of sy agent en die inspekteur wat die besending afgekeur het, mag tydens die ondersoek genoem in sub-regulasie (6) teenwoordig wees onderhewig aan die instemming daartoe van die persoon of persone aangewys om oor die appèl te beslis.

(8) Die beslissing van die persoon of persone wat oor die appèl beslis, moet op skrif gestel en aan die inspekteur wat die besending huide of velle afgekeur het, oorhandig word, en 'n afksrif daarvan moet aan die appellant voorsien word indien so verlang.

KENNISGEWING VAN VERSENDING NA DOKKE OF STASIE.

8. Iedere persoon wat voornemens is om huide of velle uit te voer ten opsigte waarvan 'n uitvoersertifikaat ingevolge sub-regulasie (1) van regulasie 6 uitgereik is, moet—

(1) in die geval van huide of velle wat per boot uit die Republiek uitgevoer sal word, die verantwoordelike Inspekteur by die hawe vanwaar die huide of velle uitgevoer sal word, in kennis stel van die datum waarop dit na die dokke versend sal word;

(2) in die geval van huide of velle wat per spoor uit die Republiek uitgevoer sal word, die verantwoordelike Inspekteur by die sentrum waarin die spoorwegstasie vanwaar die huide of velle versend sal word, geleë is, in kennis stel van die datum waarop die huide of velle versend sal word na die spoorwegstasie in sodanige kennisgewing vermeld, binne die nodige tydsbestek sodat een of meer bale by die betrokke dokke of spoorwegstasie ondersoek kan word, of terwyl dit gelaai word op 'n voertuig behorende aan die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens vir vervoer na die dokke of daardie stasie.

VOORWAARDES WAARONDER UITVOER TOEGELAAT WORD.

9. Die Doeane- of Spoorwegbeampte by die dokke of spoorwegstasie mag nie toelaat dat enige huide of velle vir uitvoer gelaai word nie, tensy—

(1) die uitvoersertifikaat ten opsigte van sodanige huide of velle uitgereik is aan die persoon op wie se naam die huide of velle uitgevoer sal word, of geëndosseer is deur die Inspekteur te dien effekte dat die sertifikaat ingevolge sub-regulasie (4) van regulasie 6 aan daardie persoon oorgedra is; en

(2) gemelde sertifikaat geëndosseer is deur die Inspekteur te dien effekte dat die huide of velle vir uitvoer vrygestel is.

LENGTEBEPALINGSMETODE VAN WOL, WOL-EN-HAAR OF HAAR.

10. (1) 'n Skaapvel wat—

(*a*) ooreenkomstig die bepalings van regulasies 13, 14 en 15 gegradeer, geklassifiseer en verpak word, moet dwars gevou word sodat die stertgedeelte op die nekgedeelte lê en die natuurlike lengte van die kortste stapel langs hierdie dwars vou in die vag, uitgesonderd in dié deel een duim aan weerskante van die ruglyn, gemeet sonder dat die stapel gerek of gevou word, is die lengte vir die klas waarin die vel gesorteer en verpak moet word;

(*b*) ooreenkomstig die bepalings van regulasies 16, 17, 18, 20, 21 en 22 gegradeer, geklassifiseer en verpak word, moet dwars gevou word sodat die stertgedeelte op die nekgedeelte lê en die natuurlike lengte van die kortste stapel langs hierdie dwars vou in die vag, gemeet sonder dat die stapel gerek of gevou word, is die lengte vir die klas waarin die vel gesorteer en verpak moet word.

(2) 'n Angorabokvel of baster angorabokvel moet dwars gevou word sodat die stertgedeelte op die nekgedeelte lê en die gemiddelde natuurlike lengte van die haar langs hierdie dwars vou, gemeet sonder dat die haar gerek of gevou word, is die lengte vir die klas waarin die vel gesorteer en verpak moet word: Met dien verstande dat die haar wat die pensgedeeltes van die vel bedek nie in aanmerking geneem moet word vir die bepaling van lengte-standaarde nie.

METODE VIR DIE BEPALING VAN SPINTELLING.

11. Die vel moet dwars gevou word sodat die stertgedeelte op die nekgedeelte lê en die laagste spintelling van enige wolstapel langs hierdie dwars vou in die vag is die spintelling vir die klas waarin die vel gesorteer en verpak moet word.

VRYSTELLING VAN SORTERING, VERPAKKING EN MERK VOLGENS VOORGESKREWE BEPALINGS.

12. Ondanks die bepalings van sub-regulasie (16) van regulasie 3 mag die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking na 'n tydige aansoek spesiale seleksies waarvoor geen voorsiening in hierdie regulasies gemaak is nie, oorweeg en toelaat dat dit uitgevoer word onder merke waarop hy moet besluit.

SKAAPVELLE.

13. *Merinovelle met 'n wollengte van oor* 1 (*een*) *duim.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.—Die wol—

(i) moet duidelike kenmerkende merino-eienskappe toon;
(ii) moet minstens van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(iii) mag geen breekplekke toon of mag op geen ander wyse beskadig wees nie;
(iv) moet vry van olieverf- of teermerke wees;
(v) mag nie besmeer wees nie;
(vi) moet redelik vry van stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe wees; en
(vii) mag nie 'n buitensporige mate van wolvet hê nie:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.—Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels deeglik verwyder moet wees, moet—

(i) minstens van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) nie meer as twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê nie;

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of binne 1 (een) duim van die vier kaal flankgedeeltes of binne 4 (vier) duim van die kant van die res van die vel nie beskou word as diskwalifiserende defekte nie;

(*b*) „ sekondêre vel " wat beteken 'n vel waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.—Die wol—

(i) moet duidelike kenmerkende merino-eienskappe toon;
(ii) moet minstens van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(iii) mag geen breekplekke toon of mag op geen ander wyse beskadig wees nie;
(iv) moet vry van olieverf- of teermerke wees;
(v) mag effens besmeer wees;
(vi) mag matig met stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe belaai wees; en
(vii) mag nie 'n buitensporige mate van wolvet hê nie:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.—Die pelt waarvan die vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder moet wees mag snye, skeure of ander defekte hê: Met dien verstande dat die normale patroon van die pelt behou is;

(*c*) „ beskadigde vel " wat beteken 'n vel waarvan die wol of pelt nie aan die vereistes vir 'n „ sekondêre vel " voldoen soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking van droë velle.*

(*a*) Velle wat aan die vereistes vir 'n „ onbeskadigde vel " of 'n „ sekondêre vel " soos gespesifiseer in paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-regulasie (1) voldoen moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Wolspintelling 64's en oor.		Wolspintelling onder 64's.		Wollengte.
Graad.		Graad.		
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
XQ	SXQ	XS	SXS	Oor 2½ duim.
CQ	SCQ	CS	SCS	Oor 2 duim tot 2½ duim.
LQ	SLQ	LS	SLS	Oor 1½ duim tot 2 duim.
MQ	SMQ	MS	SMS	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(*b*) Ondanks die bepalings van paragraaf (*a*) mag velle met 'n wolspintelling onder 64's gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Wolspintelling 60's tot onder 64's.		Wolspintelling onder 60's.		Wollengte.
Graad.		Graad.		
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
XW	SXW	XM	SXM	Oor 2½ duim.
CW	SCW	CM	SCM	Oor 2 duim tot 2½ duim.
LW	SLW	LM	SLM	Oor 1½ duim tot 2 duim.
MW	SMW	MM	SMM	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(*c*) Velle wat as „ beskadigde velle " gegradeer word ingevolge die bepalings van paragraaf (*c*) van sub-regulasie (1) moet, ongeag die wolspintelling, gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Merk.	*Wollengte.*
DXQS	Oor 2½ duim.
DCQS	Oor 2 duim tot 2½ duim.
DLQS	Oor 1½ duim tot 2 duim.
DMQS	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(3) *Klassifikasie en verpakking van drooggesoute velle.*

(*a*) Velle wat aan die vereistes vir 'n „ onbeskadigde vel " of 'n „ sekondêre vel " soos gespesifiseer in paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-regulasie (1) voldoen moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Wolspintelling 64's en oor.			Wolspintelling onder 64's.			Wollengte.
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „ Sekondêr".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „ Sekondêr".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
HXQ	SHXQ	HXQ-S	HXS	SHXS	HXS-S	Oor 2½ duim.
HCQ	SHCQ	HCQ-S	HCS	SHCS	HCS-S	Oor 2 duim tot 2½ duim.
HLQ	SHLQ	HLQ-S	HLS	SHLS	HLS-S	Oor 1½ duim tot 2 duim.
HMQ	SHMQ	HMQ-S	HMS	SHMS	HMS-S	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(*b*) Ondanks die bepalings van paragraaf (*a*) mag velle met 'n wolspintelling onder 64's gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Wolspintelling 60's tot onder 64's.			Wolspintelling onder 60's.			Wollengte.
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „Sekondêr".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „Sekondêr".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
HXW	SHXW	HXW-S	HXM	SHXM	HXM-S	Oor 2½ duim.
HCW	SHCW	HCW-S	HCM	SHCM	HCM-S	Oor 2 duim tot 2½ duim.
HLW	SHLW	HLW-S	HLM	SHLM	HLM-S	Oor 1½ duim tot 2 duim.
HMW	SHMW	HMW-S	HMM	SHMM	HMM-S	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(*c*) Velle wat as „ beskadigde velle " gegradeer word ingevolge die bepalings van paragraaf (*c*) van sub-regulasie (1) moet, ongeag die wolspintelling, gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Merk.	*Wollengte.*
DHXQS	Oor 2½ duim.
DHCQS	Oor 2 duim tot 2½ duim.
DHLQS	Oor 1½ duim tot 2 duim.
DHMQS	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(4) *Klassifikasie en verpakking van natgesoute velle.*

(*a*) Velle wat aan die vereistes vir 'n „ onbeskadigde vel " of 'n „ sekondêre vel " soos gespesifiseer in paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-regulasie (1) voldoen moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Wolspintelling 64's en oor.			Wolspintelling onder 64's.			Wollengte.
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „Sekondêr".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „Sekondêr".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
WXQ	SWXQ	WXQ-S	WXS	SWXS	WXS-S	Oor 2½ duim.
WCQ	SWCQ	WCQ-S	WCS	SWCS	WCS-S	Oor 2 duim tot 2½ duim.
WLQ	SWLQ	WLQ-S	WLS	SWLS	WLS-S	Oor 1½ duim tot 2 duim.
WMQ	SWMQ	WMQ-S	WMS	SWMS	WMS-S	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(*b*) Ondanks die bepalings van paragraaf (*a*) mag velle met 'n wolspintelling onder 64's gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Wolspintelling 60's tot onder 64's.			Wolspintelling onder 60's.			Wollengte.
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadigt".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „Sekondêr".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „Sekondêr".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
WXW	SWXW	WXW-S	WXM	SWXM	WXM-S	Oor 2½ duim.
WCW	SWCW	WCW-S	WCM	SWCM	WCM-S	Oor 2 duim tot 2½ duim.
WLW	SWLW	WLW-S	WLM	SWLM	WLM-S	Oor 1½ duim tot 2 duim.
WMW	SWMW	WMW-S	WMM	SWMM	WMM-S	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(*c*) Velle wat as „ beskadigde velle " gegradeer word ingevolge die bepalings van paragraaf (*c*) van sub-regulasie (1) moet, ongeag die wolspintelling, gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Merk.	*Wollengte.*
DWXQS	Oor 2½ duim.
DWCQS	Oor 2 duim tot 2½ duim.
DWLQS	Oor 1½ duim tot 2 duim.
DWMQS	Oor 1 duim tot 1½ duim.

14. *Kruisrasvelle met 'n wollengte van oor* 1 (*een*) *duim.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel ";
(*b*) „ sekondêre vel "; en
(*c*) „ beskadigde vel ";

soos vir merinovelle in regulasie 13 (1) omskryf.

(2) *Klassifikasie en verpakking van droë velle.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.			Wollengte.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk.	Merk.	Merk.	
XB	SXB	DXB	Oor 2½ duim.
CB	SCB	DCB	Oor 2 duim tot 2½ duim.
LB	SLB	DLB	Oor 1½ duim tot 2 duim.
MB	SMB	DMB	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(3) *Klassifikasie en verpakking van drooggesoute velle.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.				Wollengte.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
HXB	SHXB	HXB-S	DHXB	Oor 2½ duim.
HCB	SHCB	HCB-S	DHCB	Oor 2 duim tot 2½ duim.
HLB	SHLB	HLB-S	DHLB	Oor 1½ duim tot 2 duim.
HMB	SHMB	HMB-S	DHMB	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(4) *Klassifikasie en verpakking van natgesoute velle.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Graad.				Wollengte.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
WXB	SWXB	WXB-S	DWXB	Oor 2½ duim.
WCB	SWCB	WCB-S	DWCB	Oor 2 duim tot 2½ duim.
WLB	SWLB	WLB-S	DWLB	Oor 1½ duim tot 2 duim.
WMB	SWMB	WMB-S	DWMB	Oor 1 duim tot 1½ duim.

15. *Klassifikasie en verpakking van sekere grade en klasse merinovelle met 'n wollengte van oor* 1 *(een) duim met ooreenstemmende grade en klasse kruisrasvelle met 'n wollengte van oor* 1 *(een) duim.*

(1) Ondanks die bepalings van sub-regulasies (2), (3) en (4) van regulasie 13 en sub-regulasies (2), (3) en (4) van regulasie 14 mag merinovelle met 'n wolspintelling onder 60's en kruisrasvelle wat voldoen aan die vereistes vir 'n „ onbeskadigde vel " of „ sekondêre vel " soos in paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-regulasie (1) van regulasie 13 en paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-regulasie (1) van regulasie 14 gespesifiseer, gesorteer en saam verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.								Wollengte.
Droog.		Drooggesout.			Natgesout.			
Graad.		Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig " en „ Sekondêr ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskdaig " en „ Sekondêr ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
XX	SXX	HXX	SHXX	HXX-S	WXX	SWXX	WXX-S	Oor 2½ duim.
CX	SCX	HCX	SHCX	HCX-S	WCX	SWCX	WCX-S	Oor 2 duim tot 2½ duim.
LX	SLX	HLX	SHLX	HLX-S	WLX	SWLX	WLX-S	Oor 1½ duim tot 2 duim.
MX	SMX	HMX	SHMX	HMX-S	WMX	SWMX	WMX-S	Oor 1 duim tot 1½ duim.

(2) Ondanks die bepalings van paragraaf (*c*) van sub-regulasie (2) van regulasie 13, paragraaf (*c*) van sub-regulasie (3) van regulasie 13, paragraaf (*c*) van sub-regulasie (4) van regulasie 13 en sub-regulasies (2), (3) en (4) van regulasie 14, mag merinovelle en kruisrasvelle wat as „ beskadigde velle " ingevolge die bepalings van paragraaf (*c*) van sub-regulasie (1) van regulasie 13 en paragraaf (*c*) van sub-regulasie (1) van regulasie 14 gegradeer word, gesorteer en saam verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.			Wollengte.
Droog.	Drooggesout.	Natgesout.	
Merk.	Merk.	Merk.	
DXZ	DHXZ	DWXZ	Oor 2½ duim.
DCZ	DHCZ	DWCZ	Oor 2 duim tot 2½ duim.
DLZ	DHLZ	DWLZ	Oor 1½ duim tot 2 duim.
DMZ	DHMZ	DWMZ	Oor 1 duim tot 1½ duim.

16. *Merino en kruisrasvelle met 'n wollengte van* 1 *(een) duim en onder.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n spesiaal uitgesoekte, goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n ontwikkelde ramvel of 'n herbereide of ingekuipte vel, waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.—Die wol—

(i) moet van 'n goeie gehalte wees;
(ii) mag geen breekplekke toon of mag op geen ander wyse beskadig wees nie;
(iii) moet vry van olieverf- of teermerke wees;
(iv) mag nie besmeer wees nie;
(v) mag nie opvallende stof, klitsgras, steekgras, saad of ander vreemde of plantaardige stowwe hê nie;
(vi) moet dig oor die hele oppervlakte van die pelt uitgesonderd die pensgedeeltes wees; en
(vii) mag nie 'n buitensporige mate wolvet hê nie:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.—Die pelt waarvan vleis en vetkleefsels deeglik verwyder moet wees—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens ses vierkante voet groot wees;
(iii) mag effens plooie, slegs op die nek of boude hê;
(iv) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(v) moet vry wees van deursnye, byna-deursnye, sere, barste of ander defekte:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ *sekondere vel* "—beteken 'n spesiaal uitgesoekte, goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n ontwikkelde ramvel of 'n vel wat herberei of ingekuip is, waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.—Die wol—

(i) moet van 'n redelike goeie gehalte wees;
(ii) mag geen breekplekke toon of op enige ander wyse beskadig wees nie;
(iii) moet vry van olieverf- of teermerke wees;
(iv) mag effens besmeer wees;
(v) mag 'n matige hoeveelheid stof, klitsgras, steekgras, saad of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat;
(vi) mag 'n effense wisseling in die algehele digtheid hê; en
(vii) mag nie 'n buitensporige mate van wolvet hê nie:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.—Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels deeglik verwyder moet wees—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens vyf vierkante voet groot wees;
(iii) mag plooie, hoewel nie swaar nie, aan die nek of boude en effense plooie op die res van die pelt hê;
(iv) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(v) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ beskadigde vel " beteken 'n vel waarvan die wol of die pelt nie voldoen aan die vereistes vir 'n „ sekondêre vel " soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.									Wollengte.
Droog.			Drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk. CT CP	Merk. SCT SCP	Merk. DSX DPX	Merk. HCT HCP	Merk. SHCT SHCP	Merk. DHSX DHPX	Merk. WCT WCP	Merk. SWCT SWCP	Merk. DWSX DWPX	Oor ½ duim tot 1 duim. ½ duim en onder.

(3) Ondanks die bepalings van sub-regulasies (1) en (2) mag velle wat voldoen aan die vereistes gespesifiseer in paragraaf (*a*) hieronder, gesorteer en verpak word soos aangedui in paragraaf (*b*) hieronder:—

(*a*) *Gradering.*—'n Vel wat redelik goed afgeslag en redelik goed berei is en waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes voldoen, sal vir hierdie seleksie kwalifiseer:—

Wol.—Die wol—

(i) moet van 'n redelike goeie gehalte wees;
(ii) mag geen breekplekke toon of op enige ander wyse beskadig wees nie; en
(iii) mag 'n matige hoeveelheid stof, klitsgras, steekgras of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat.

Pelt.—Die pelt waarvan die vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder is—

(i) moet van 'n redelike goeie substansie en gehalte wees;
(ii) mag nie erg geplooi wees nie; en
(iii) mag drie klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of binne 1 (een) duim van die vier kaal flankgedeeltes of binne 4 (vier) duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie.

(*b*) *Klassifikasie en verpakking.*

Metode van bereiding.			Wollengte.
Droog.	Drooggesout.	Natgesout.	
Merk. SW P PP	Merk. HSW HP HPP	Merk. WSW WP WPP	Oor ½ duim tot 1 duim. ½ duim en onder. Onder ¼ duim.

17. *Klassifikasie en verpakking van spesiaal uitgesoekte merino- en kruisrasvelle met 'n wollengte van oor ½ (half) duim tot 2 (twee) duim.*—Ondanks die bepalings van regulasies 13, 14 en 16 mag „ merino " en „ kruisrasvelle " wat voldoen aan die vereistes gespesifiseer in paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-regulasie (1) van regulasie 16 gesorteer en verpak word soos hieronder aangedui:—

Metode van bereiding.						Wollengte.
Droog.		Drooggesout.		Natgesout.		
Graad.		Graad.		Graad.		
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	
Merk. CTL CTM CTS	Merk. SCTL SCTM SCTS	Merk. HCTL HCTM HCTS	Merk. SHCTL SHCTM SHCTS	Merk. WCTL WCTM WCTS	Merk. SWCTL SWCTM SWCTS	Oor 1½ duim tot 2 duim. Oor 1 duim tot 1½ duim. Oor ½ duim tot 1½ duim.

18. *Lamvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is twee grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel waarvan die wol en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol.—Die wol—

(i) moet minstens van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) mag geen breekplekke toon of op enige ander wyse beskadig wees nie;
(iii) moet vry van olieverf- of teermerke wees;
(iv) mag nie besmeer wees nie; en
(v) mag 'n geringe hoeveelheid stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat:

Met dien verstande dat bloed aan die nekgedeelte nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.—Die pelt waarvan die vleis- en vetkleefsels deeglik verwyder moet wees—

(i) moet minstens van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) mag nie erg-geplooi wees nie; en
(iii) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of binne 1 (een) duim van die vier kaal flankgedeeltes of binne 2 (twee) duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ beskadigde vel "—wat beteken 'n vel met meer defekte as wat voorgeskryf is vir 'n „ onbeskadigde vel " soos in paragraaf (*a*) gespesifiseer.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder aangedui:—

Droog.			Metode van bewerking. Drooggesout.			Natgesout.			Wollengte.
Graad.			Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig " en „ beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig " en „ beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig " en „ beskadig ".	
Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	Merk.	
LL	DLL	LL-D	HLL	DHLL	HLL-D	WLL	DWLL	WLL-D	Oor 1½ duim.
SL	DSL	SL-D	HSL	DHSL	HSL-D	WSL	DWSL	WSL-D	Oor ½ duim tot 1½ duim.
PL	DPL	PL-D	HPL	DHPL	HPL-D	WPL	WDPL	WPL-D	½ duim en onder.

(3) Ondanks die bepalings van sub-regulasies (1) en (2) moet velle kleiner as 2 vierkante voet afsonderlik gesorteer en verpak word onder die merk „ SLINKS ".

19. *Velstukke.*

(1) Velstukke van die tipe velle in regulasies 13, 14, 16 en 18 beskryf, t.w. „ merinovelle ", „ kruisrasvelle " en „ lamvelle " moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.		Wollengte.
Droog of drooggesout.	Natgesout.	
Merk.	Merk.	
PIECES—L	PIECES—WL	Oor 1½ duim.
PIECES—M	PIECES—WM	Oor 1 duim tot 1½ duim.
PIECES—S	PIECES—WS	Oor ½ duim tot 1 duim.
PIECES—P	PIECES—WP	½ duim en onder.

(2) Ondanks die bepalings van sub-regulasie (1) mag stukke afkomstig van die koppe van merino- en kruisrasskape gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.		Wollengte.
Droog of drooggesout.	Natgesout.	
Merk.	Merk.	
PIECES—LHP	PIECES—WLHP	Oor 1 duim.
PIECES—SHP	PIECES—WSHP	1 duim en onder.

20. *Growwewolvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n herbereide of ingekuipte vel, waarvan die wol- en haarbedekking en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol- en haarbedekking.—Die wol- en haarbedekking—

(i) moet van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) moet vry van olieverf- of teermerke wees; en
(iii) moet redelik vry van saad van die deurdringende tipe, stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe wees.

Pelt.—Die pelt waarvan vet- en vleiskleefsels deeglik verwyder moet wees—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet vry van plooie wees;
(iii) moet minstens vyf vierkante voet groot wees;
(iv) mag geen saad toon wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het nie;
(v) mag geen olieverf- of teermerke toon nie;
(vi) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(vii) moet vry van deursnye, byna-deursnye, sere, barste of ander defekte wees:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ sekondêre vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en redelik goed bereide vel waarvan die wol- en haarbedekking en pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Wol- en haarbedekking.—Die wol- en haarbedekking—

(i) moet van 'n redelike gemiddelde gehalte wees;
(ii) moet vry van olieverf- of teermerke wees; en
(iii) mag nie 'n buitensporige hoeveelheid saad, stof, klitsgras of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat nie:

Met dien verstande dat saad in die pensgedeeltes nie as 'n diskwalifiserende defek beskou word nie.

Pelt.—Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder moet wees—

(i) moet minstens van 'n redelike goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens drie vierkante voet groot wees;
(iii) mag geringe saad op die pensgedeeltes en baie geringe saad op die res van die vel toon wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het;
(iv) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(v) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ beskadigde vel " wat beteken 'n vel waarvan die wol- en haarbedekking of pelt nie aan die vereistes vir 'n „ sekondêre vel " soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer voldoen nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet in twee tipes gesorteer word, nl.—

(*a*) „ wit growwewolvel " wat beteken 'n vel waarvan die wol- en haarbedekking geen gekleurde wolvesels of gekleurde haar bevat nie; en

(*b*) „ gekleurde growwewolvel " wat beteken 'n vel waarvan die wol- en haarbedekking gekleurde wolvesels of gekleurde haar bevat.

Die voornoemde tipes moet gesorteer en verpak word soos hieronder aangedui:—

Wit growwewol.

Metode van bereiding.						Wol- en haarlengte.
Droog of drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk. WLCW WSCW	Merk. SWLCW SWSCW	Merk. DWLCW DWSCW	Merk. WWLCW WWSCW	Merk. SWWLCW SWWSCW	Merk. DWWLCW DWWSCW	Oor 1 duim. 1 duim en onder.

Gekleurde growwewol.

Metode van bereiding.						Wol- en haarlengte.
Droog of drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk. CLCW CSCW	Merk. SCLCW SCSCW	Merk. DCLCW DCSCW	Merk. WCLCW WCSCW	Merk. SWCLCW SWCSCW	Merk. DWCLCW DWCSCW	Oor 1 duim. 1 duim en onder.

21. *Klassifikasie en verpakking van „merino"- en „kruisrasvelle" met 'n wollengte van* 1 (*een*) *duim en onder saam met „wit growwewolvelle" met 'n wol- en haarlengte van* 1 (*een*) *duim en onder.*—Ondanks die bepalings van regulasies 16 en 20 mag „ merino "-, „ kruisras "- en „ wit growwewolvelle " wat voldoen aan die graadvereistes gespesifiseer in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) van sub-regulasie (1) van regulasie 16 gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.						Wol- en wol-en-haarlengte.
Droog of drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk. CTWC	Merk. SCTWC	Merk. DCTWC	Merk. WCTWC	Merk. SWCTWC	Merk. DWCTWC	1 duim en onder.

22. *Karakoelvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel ";
(*b*) „ sekondêre vel "; en
(*c*) „ beskadigde vel ";

soos in sub-regulasie (1) van regulasie 20 vir growwewolvelle omskryf is.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*—Velle moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.						Wollengte.
Droog of drooggesout.			Natgesout.			
Graad.			Graad.			
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	„ Beskadig ".	
Merk. LK SK	Merk. SLK SSK	Merk. DLK DSK	Merk. WLK WSK	Merk. SWLK SWSK	Merk. DWLK DWSK	Oor 1½ duim. 1½ duim en onder.

23. *Handskoenvelle en wollerige handskoenvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n ontwikkelde ramvel of 'n herbereide of ingekuipte vel, waarvan die haar- of wol-en-haarbedekking asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Haar- of wol-en-haarbedekking.—Die haar- of wol-en-haarbedekking mag nie opvallende skade soos steekgras of kankerroos bevat wat skade aan die pelt kan veroorsaak nie.

Pelt.—Die pelt waarvan die vleis- en vetkleefsels deeglik verwyder moet wees—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens drie vierkante voet in die droë of drooggesoute toestand en drie-en-'n-half vierkante voet in die natgesoute toestand groot wees;
(iii) mag geen saad toon wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het nie;
(iv) mag geen olieverf- of teermerke toon nie;
(v) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(vi) moet vry van deursnye, byna-deursnye, sere, barste of ander defekte wees:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nek- of stertgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ sekondêre vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en redelik goed bereide vel waarvan die haar- of wol-en-haarbedekking asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Haar- of wol-en-haarbedekking.—Die haar- of wol-en-haarbedekking mag nie opvallende saad soos steekgras of kankerroos bevat wat skade aan die pelt kan veroorsaak nie: Met dien verstande dat geringe saad van hierdie tipes in die pensgedeeltes toelaatbaar is.

Pelt.—Die pelt waarvan die vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder moet wees—

(i) moet van redelike goeie substansie en gehalte wees;
(ii) moet minstens drie vierkante voet in die droë of drooggesoute toestand en drie-en-'n-half vierkante voet in die natgesoute toestand groot wees;
(iii) mag geen saad toon wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het nie;
(iv) mag effense olieverf- of teermerke toon;
(v) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(vi) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nek- of stertgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ beskadigde vel " wat beteken 'n vel waarvan die haar- of wol-en-haarbedekking of pelt nie voldoen aan die vereistes vir 'n „ sekondêre vel " soos gespesifiseer in paragraaf (*b*) nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*

(*a*) Velle wat aan die vereistes vir 'n „ onbeskadigde vel " of 'n „ sekondêre vel " voldoen soos in paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-regulasie (1) gespesifiseer moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

(i) *Handskoenvelle.*

Metode van bereiding.

Droog of drooggesout.			Natgesout.		
Graad.		Minimum grootte.	Graad.		Minimum grootte.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".		„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	
Merk.	Merk.		Merk.	Merk.	
XGL	SXGL	7 vierkante voet.	WXGL	SWXGL	8 vierkante voet.
LGL	SLGL	5½ vierkante voet.	WLGL	SWLGL	6½ vierkante voet.
MGL	SMGL	4 vierkante voet.	WMGL	SWMGL	4½ vierkante voet.
SGL	SSGL	3 vierkante voet.	WSGL	SWSGL	3½ vierkante voet.

(ii) *Wollerige handskoenvelle.*

Metode van bereiding.

Droog of drooggesout.			Natgesout.		
Graad.		Minimum grootte.	Graad.		Minimum grootte.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".		„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	
Merk.	Merk.		Merk.	Merk.	
XWG	SXWG	7 vierkante voet.	WXWG	SWXWG	8 vierkante voet.
LWG	SLWG	5½ vierkante voet.	WLWG	SWLWG	6½ vierkante voet.
MWG	SMWG	4 vierkante voet.	WMWG	SWMWG	4½ vierkante voet.
SWG	SSWG	3 vierkante voet.	WSWG	SWSWG	3½ vierkante voet.

(*b*) Velle wat as „ beskadigde velle " gegradeer is ingevolge die bepalings van paragraaf (*c*) van sub-regulasie (1) moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

(i) *Handskoenvelle:—*

Bereidingsmetode.	*Merk.*
Droog of drooggesout	DGL.
Natgesout	DWGL.

(ii) *Wollerige handskoenvelle:—*

Bereidingsmetode.	*Merk.*
Droog of drooggesout	DWG.
Natgesout	DWWG.

BOKVELLE.

24. *Bokvel (uitgesonderd angorabokvel).*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n ontwikkelde ramvel of 'n basterbokvel of 'n herbereide of ingekuipte vel of 'n vel wat in die drooggesoute toestand minder as 14 onse of minder as 10 onse in die droë toestand of minder as 1¼ lb. in die natgesoute toestand weeg, waarvan die haarbedekking asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Haarbedekking.—Die haarbedekking—

(i) mag nie opvallende saad soos steekgras of kankerroos bevat wat skade aan die pelt kan veroorsaak nie; en
(ii) mag nie buitensporig lank en dig oor die hele oppervlakte van die vel wees nie.

Pelt.—Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels behoorlik verwyder moet wees—

(i) moet van goeie substansie en gehalte wees;
(ii) mag geen olieverf- of teermerke of saad wat tot die nerf of tot in die pelt deurgedring het, toon nie;
(iii) mag nie vetterig, verouderd en verkleur wees nie; en
(iv) moet vry wees van deursnye, byna-deursnye, sere, barste of ander defekte:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*b*) „ sekondêre vel " beteken 'n goed afgeslagte en redelik goed bereide vel, uitgesonderd 'n vel wat minder as 14 onse in die drooggesoute toestand of 10 onse in die droë toestand of minder as 1¼ lb. in die natgesoute toestand weeg, waarvan die haarbedekking asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Haarbedekking.—Die haarbedekking mag slegs op die pensgedeeltes geringe saad soos steekgras of kankerroos bevat wat skade aan die pelt kan veroorsaak.

Pelt.—Die pelt waarvan vleis- en vetkleefsels redelik goed verwyder moet wees—

(i) moet van redelike goeie substansie en gehalte wees;
(ii) mag geringe olieverf- of teermerke toon;
(iii) mag nie vetterig, verouderd of verkleur wees nie; en
(iv) mag twee klein snye of ander defekte van gelyke omvang hê:

Met dien verstande dat snye of ander defekte, uitgesonderd verrotting, in die nekgedeelte of in die vier kaal flankgedeeltes of binne twee duim van die kant van die res van die vel nie as diskwalifiserende defekte beskou word nie;

(*c*) „ beskadigde vel " beteken 'n vel waarvan die haarbedekking of pelt nie voldoen aan die vereistes vir 'n „ sekondêre vel " soos in paragraaf (*b*) gespesifiseer nie.

(2) *Klassifikasie en verpakking.*

(*a*) Velle wat aan die vereistes vir 'n „ onbeskadigde vel " of 'n „ sekondêre vel " voldoen soos gespesifiseer in paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-regulasie (1) moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Metode van bereiding.

Drooggesout.			Droog.			Natgesout.		
Graad.		Gewig.	Graad.		Gewig.	Graad.		Gewig.
„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".		„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".		„ Onbeskadig ".	„ Sekondêr ".	
Merk.	Merk.		Merk.	Merk.		Merk.	Merk.	
HG	SHG	Oor 4½ lb.	—	—	—	WHG	SWHG	Oor 7 lb.
MG	SMG	3½ lb. tot 4½ lb.	MGSD	SMGSD	Oor 3¼ lb.	WMG	SWMG	5½ lb. tot 7 lb.
LG	SLG	2½ lb. tot 3½ lb.	LGSD	SLGSD	2¼ lb. tot 3¼ lb.	WLG	SWLG	3¾ lb. tot 5½ lb.
XLG	SXLG	1½ lb. tot 2½ lb.	XLGSD	SXLGSD	1¼ lb. tot 2¼ lb.	WXLG	SWXLG	2¼ lb tot 3¾ lb.
KG	SKG	14 onse tot 1½ lb.	KGSD	SKGSD	10 onse tot 1¼ lb.	WKG	SWKG	1¼ lb. tot 2¼ lb.

(*b*) Velle wat as „ beskadigde velle " ingevolge die bepalings van paragraaf (*c*) van sub-regulasie (1) gegradeer is moet gesorteer en verpak word soos hieronder gespesifiseer:—

Bereidingsmetode.	*Merk.*
Drooggesout	DG.
Droog	DGSD.
Natgesout	WDG.

(3) Ondanks die bepalings van paragraaf (*a*) van sub-regulasie (2) mag die Inspekteur die gewigsgrensbeperkings ter syde stel indien die uitvoerder bevredigende dokumentêre bewys lewer dat dit op die uitdruklike versoek van die koper benodig word.

25. *Angorabokvelle en basterangorabokvelle.*

(1) *Gradering.*—Daar is drie grade, nl.—

(*a*) „ onbeskadigde vel " wat beteken 'n goed afgeslagte en goed bereide vel, uitgesonderd 'n herbereide of ingekuipte vel, waarvan die angorabokhaar in die geval van 'n „ angorabokvel " en die angorabokhaar en bokhaar in die geval van 'n „ basterangorabokvel " asook die pelt aan die volgende vereistes moet voldoen:—

Angorabokhaar of angorabokhaar-en-bokhaar.—Die angorabokhaar of angorabokhaar-en-bokhaar—

(i) moet minstens van 'n goeie gemiddelde gehalte wees;
(ii) mag nie opvallende stof, vuiligheid, saad of ander vreemde of plantaardige stowwe bevat nie;
(iii) moet vry van olieverf- of teermerke wees; en
(iv) mag nie oormatig deur urine bevlek wees nie.

